CONQUESTA is 'n lid van ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

© Kopiereg



031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

# CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!



## Skeppende Kunste – Graad 7

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

*Voorbeeld 1:-*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4. | a | b | [doodgekrap] | d |

*Voorbeeld 2:-*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4. | a | [doodgekrap] | [doodgekrap en doodgetrek] | d |

**1. Die hoofelemente van visuele kuns is lyne, vorms, kleurtone en ……**
(a) verf. (b) skakerings. (c) teksture. (d) lig.

**2. *'Balans'* verwys na die wyse waarop kunselemente …… word.**
(a) gerangskik (b) weggegooi (c) opeengestapel (d) skoongemaak



**3. 'n Stillewetekening, of skildery, verwys na 'n tekening of skildery van ……**
(a) beroemde portrette. (b) eksotiese vrugte.
(c) alledaagse voorwerpe. (d) skoene en klere.

**4. Om die verskillende tone in 'n tekening te toon, sal jy …… gebruik.**
(a) 'n uitveër (b) kleure (c) 'n potlood (d) skakering

Voorbeeld

Verwys na die prente regs, en antwoord vrae 5 en 6.

**5. Die prente is voorbeelde van ……**
(a) stillewe tekeninge.
(b) plaaslike handewerk.
(c) sketse.
(d) hersirkuleerde kuns.





**6. Wat is die ooreenkomste tussen die voorwerpe in die prente?**
(a) Hulle is albei nuttig.
(b) Hulle is van natuurlike materiale gemaak.
(c) Hulle het albei versierde oppervlakke.
(d) Al hierdie keuses is korrek.

**7. Wat noem jy dit wanneer die gehoor reg rondom die verhoog sit, soos in die prent hieronder?**




(a) Proscenium boog verhoog.
(b) Tongverhoog.
(c) Arena tipe verhoog.
(d) Nie een van bostaande is korrek nie.

**8. Wat is die naam van die verhoog wat tot in die ouditorium verleng is, waar die gehoor aan drie kante om die verhoog sit?**




(a) Proscenium boog verhoog.
(b) Agterkant-na-vore verhoog.
(c) Arena tipe verhoog.
(d) Tongverhoog.

Kyk na die prent regs en antwoord vrae 9 en 10.



**9. Hierdie *'toonsleutel'* staan bekend as die …… sleutel en dit verteenwoordig die note wat deur die regterhand gespeel word wanneer die klavier bespeel word.**
(a) bas (b) diskant (c) concerto (d) agste

**10. 'n *'Notebalk'* vewys na ……**
(a) die duur van die note.
(b) die lyne en spasies waar die note geplaas word.
(c) hoe vinnig 'n lied gespeel word.
(d) hele note en kwartnote.

Pas die note in (a) – (d) by hul korrekte name by vrae 11 – 14.

(a) ♪ (b) ♩ (c) 𝅝 (d) 𝅗𝅥

**11. Kwartnoot. 12. Agste noot. 13. Hele noot. 14. Halwe noot.**

**15. Dans is die …… beweging van die menslike liggaam.**
(a) moeilikste (b) vrye (c) ritmiese (d) rukkerige



**16. Vir 'n omgewing om veilig te wees vir dansers, is dit nodig om 'n …. te hê.**
(a) oop ruimte (b) vloer wat nie te glad is nie,
(c) vloer wat nie te grof is nie, (d) Al bostaande is korrek.

**17. Kyk na die posture in die diagram hieronder, en kies watter een korrek is vir optimale ruggraatbelyning en gesondheid.**

(a) (b) (c) (d)



**18. Goeie postuur ……**
(a) help jou spiere om behoorlik te werk.
(b) voorkom dat jou beengewrigte teen mekaar skuur.
(c) verlig stremming op jou ligamente.
(d) Al bostaande keuses is korrek.

**19. Hoekom is opwarmingsoefeninge baie belangrik wanneer daar voorberei word om te dans?**
(a) Dit warm jou spiere op.
(b) Dit maak jou gewrigte mobiel.
(c) Jou onderwyser sê jy moet dit doen.
(d) Dit is pret.

**20. Kleure oorkant mekaar in 'n kleursirkel word …… kleure genoem.**
(a) teenoorstaande (b) komplementêre (c) primêre (d) suiwer




**21. 'n *'Skakering'* is 'n kleur gemeng met ……**
(a) wit. (b) swart. (c) water. (d) blou.

**22. 'n *'Tint'* is 'n kleur gemeng met ……**
(a) blou. (b) water. (c) swart. (d) wit.

Die prente in (a) – (d) hieronder toon hoe jy met jou liggaam kan kommunikeer. Pas die prente by die korrekte sinne by vrae 23 – 26.

(a)

(b)

(c)

(d)


**23. "Jammer, ek kan jou nie hoor nie."**

**24. "Brrrr. Ek's bevrore."**

**25. "Jippie! Ons het gewen!"**

**26. "Sssjjj! Stilte."**

Voorbeeld